VRYWARING

Ek/ons, die ondergetekendes:

_____ en _____

MOEDER VADER

Die ouers/wettige voog van _____

(kind se volle name)

Bevestig dat ek/ons ingelig is dat G Venter en G van Zyl (hierna "die diensverskaffers") deur die Rietvallei Voortrekker Kommando versoek en aangestel is om namens die kommando 'n avontuur vlug aan te bied as 'n aktiwiteit om 'n kenteken te verwerf vir lede. Hierdie diens word deur hulle verskaf teen geen vergoeding en is uitsluitlik op 'n vrywillige basis.

Dus kom die partye soos volg ooreen:

1. Die diensverskaffers bevestig dat:

    1.1 hulle oor die nodige geldige vlieglisensie beskik;

    1.2 die vliegtuig in behoorlike werkende toestand is en dat die nodige dokumentasie beskikbaar is wat bevestig dat die vliegtuig se diensrekord op datum is en behoorlik uitgevoer is. Die dokumentasie sal op aanvraag beskikbaar wees;

2. Die ouer(s) bevestig dat hy/sy/ons vrywilliglik instem dat my/ons kind

    2.1 in 'n vliegtuig vervoer mag word vir die avontuur vlug, welke vliegtuig gevlieg sal word deur die diensverskaffer(s);

    2.2 mag deelneem aan die avontuur vlug en ek/ons aanvaar dat my/ons kind se deelname aan die vlug en enige verwante aktiwiteite tot die vlug sal geskied op my/ons en ons kind se uitsluitlike risiko.

3. Die ouer(s) bevestig verder:

    3.1 dat Rietvallei Voortrekker Kommando en/of die diensverskaffer en eienaars, werknemers en/of kontrakteurs van Rietvallei Voortrekker Kommando/die diensverskaffers nie aanspreeklikheid sal wees vir enige skade gely as gevolg van diefstal, enige verlies of skade aan eiendom, of vir besering of dood van welke aard ook al nie, ongeag die oorsaak van die skade, verlies, besering of dood; en

    3.2 dat hy/hulle vrywaar en stel Rietvallei Voortrekker Kommando/die diensverskaffer skadeloos en onthef Rietvallei Voortrekker Kommando/die diensverskaffer, eienaar, werknemers en/of kontrakteurs van die diensverskaffers van alle en enige eise van welke aard ook al, wat kan ontstaan van welke aard ook al en wat mag ontstaan vir welke rede ook al, insluitend, sonder beperking, as 'n direkte of indirekte resultaat van my kind se deelname en/ of aanvaarding van die dienste, ongeag die oorsaak; en

3.3 sou my/ons kind vir welke rede ook al mediese behandeling benodig, gee ek/ ons hiermee toestemming dat ons kind behandel mag word. Ek/ons stem toe dat ek/ons persoonlik aanspreeklik sal wees vir enige mediese koste wat mag voortvloei uit sodanige behandeling; en

3.4 dat hierdie bevestiging en toestemming sal geld ten opsigte van alle en enige deelname aan en aanvaarding van dienste gelewer deur Rietvallei Voortrekker Kommando en/of die diensverskaffers;

4. Ek/ons bevestig dat hierdie vrywaring nie sal geld ten opsigte van verlies of skade wat die diensverskaffer statutêr aanspreeklik voor is nie.

Geteken te _____ (plek) op hierdie ____ dag van _____

_____ _____

Handtekening Handtekening

_____ _____

Kontaknommer Kontaknommer

Mediese besonderhede:

Allergieë _____

Familie Dokter: _____ Kontaknommer _____

Mediese Fonds: _____ Fonds nommer: _____